
# 145 Halleluja sing ‘n lofsang




Halleluja, die verlostes,
reeds bevry van aards verdriet,
loof die Here daar vir ewig,
sing aldaar hul needrig lied.
Luid alsingend, dank Hom bringend,
vir die heil aan hul geskied.

Halleluja, hoe onwaardig,
hef ons ook ‘n danklied aan.
Meng dit met die engelsange,
waar verlostes voor U staan.
Lof en ere aan die Here,
op die aard’ en hemelbaan.

Bring ons by U self, o Vader,
aan die einde van die stryd;
sing ons dan met vrygekooptes,
bly ons lied van dankbaarheid!
Lof en ere aan die Here,
deur die grote ewigheid.

Onbekend H. Smart (1813-79)